

DIE LEGENDARIESE HANNIE WOLMARANS

Mev. M.A. Venter

"Hannie Wolmarans het vir haar 'n doods kis van seder- en sandelhout laat maak. Die handvatsels en elke skroef was van goud. Binne-in het sy dit met dons en sy laat uitvoer met laag op laag wit valletjies. Haar doodskleed was 'n kosbare stuk met valle en borduursels en kraalwerk. En as Hannie Wolmarans die dag in die stemming voel, trek sy haar doodsmondering aan, klim in haar kis, skik haarself, en dan moet die bediendes die lang staanspieel bring en oor haar hou sodat sy kan sien hoe sy daarin lyk."

Dit is die begin van 'n vertelling oor Johanna Margaretha Wolmarans, soos beskryf deur Dot Serfontein in haar boek *Systap onder die juk*. Die verhaal van hierdie merkwaardige vrou van die plaas Makawaanstat in die Lindley-distrik is nie deur geskiedskrywers opgeteken nie, maar is deel van die Vrystaatse geskiedenis wat net lewend gehou kan word deur oorvertellings en die nalatenskap van Dot Serfontein.

Volgens 'n inskripsie op 'n kleurfoto van Hannie Wolmarans in die versameling van die Museum, is sy op 29 Mei 1830 te Boschmansrivier gebore. Waarskynlik was Boschmansrivier in die Cradock-distrik, aangesien Cradock op haar sterfkennis as geboorteplek aangedui is. Sy was die dogter van Jacobus Paulus Odendaal wat Volksraadslid was vir Harrismith vanaf 1854-1856. Haar moeder, Wilhelmina Michielina Hamman, was 'n kleindogter van Michiel van Breda, eienaar van die Oranjezicht-landgoed in Kaapstad en 'n seun van die Van Bredastamvader.

As vyfjarige maak Hannie die Groot Trek met haar ouers mee. Teen 1838 vestig die familie hulle op die sogenaamde Vetriviergrond tussen die Vet- en Vaalrivier wat na die slag van Italeni deur Hendrik Potgieter van die baTaung-opperhoof Makwana geruil is.



Johanna Margaretha Wolmarans (gebore Odendaal) (1830-1903).

(Foto: Nasionale Museum - afdruk van groot kleurfoto, 91.5 x 61.0 cm in die versameling van die Museum)

Sy trou op gevorderde ouderdom met Sewus Wolmarans, 'n boorling van George en daarom onbekend met sy bruid se onstuimige geaardheid! Hy was 'n vermoende man — die eienaar van Makawaanstat wat hy in 1874 van die Vrystaatse regering ontvang het, asook die plase Melrose en Sedan. Die wettigheid van hul huwelik word in twyfel getrek, hoewel hulle op Makawaanstat as Sewus en Hannie Wolmarans gewoon het. Deur die jare het hulle bekendheid verwerf — "sy oor haar ruheid, haar doodsveragting, haar bittere tong en haar rykdom; oom Josephus oor sy eindelose lydsaamheid". (Geen wonder dat oom Sewus se drinkgewoontes hom vergewe is nie!) Vir die tydvak waarin Hannie geleef het, was sy

ongelooflik ryk. Haar geld is in kiste gebêre en die bos sleutels, waarmee sy op 'n dag glo haar tweede man Hendrik van Aardt (1826-1899) katswink geslaan het, is deur 'n swart pleegkind in 'n mandjie rondgedra.

Ofskoon hulle aanvanklik hul boerderye afsonderlik bedryf het, neem Hannie met verloop van tyd die boerdery oor. Haar perdestoet is opgebou uit die beste volbloedperde in die land en haar resiesperde was gewild by die wedrenne op Lindley en Kroonstad. Haar mofskaapstoetery het sy self versorg en gedoseer en sy het haar geensins bekommer oor die uitwerking wat daardie dae se veemedisynes op haar diere sou hê nie. "As sy besluit 'n skaap kry 'n eetlepelvol blou vitriool en twak, kan hulle in strepe agter haar neerslaan wanneer sy hulle dit injaag, maar sy druk deur. Dié wat deurkom — hulle was reg." Om 'n ram van die Wolmaransstoetery in jou kudde te hê, het getuig van manlike kundigheid tydens die koop daarvan!



Koningin Victoria (1819-1901) – Hannie Wolmarans se "ewebeeld"



Josephus Johannes Wolmarans (1824-1896).

(Foto: Nasionale Museum – afdruk van groot kleurloto in die versameling van die Museum).

Sy was vreesloos en onverskrokke — die dogter van pioniers wat geleef het "na die wette wat hulle vir hulleself en ander met die handsambok en herneutermes voorgeskryf het". Die swartmense het haar beskou as 'n soort toordokter nadat sy vrou-alleen te perd haar vader se beeste by 'n groep Basoetostropers gaan afneem en teruggejaag het huis toe. Hulle het haar gevrees en talle staaltjies oor die behandeling wat sy hulle gegee het, is in omloop.

Tipies vrou was sy baie lief vir juwele en mooi klere, veral uitrustings na die smaak van koningin Victoria wie sy geïdealiseer het en in wie se beeld sy 'n ooreenkoms met haarself gesien het. Haar huishouding is behartig deur die vroue van die bywoners en spoggerige tafelsilwer en breekgoed, in goud gegrafeer, was haar trots.



Die begraafplaas op Makawaanstat.

Na Sewus se dood laat sy 'n kramat, wat by geleentheid deur die Nasionale Museum se Argeoloog besoek is, in die ysterklipkoppies van Lindley uitkap. Hierin kan die pragtige marmersuile, vanaf Ladysmith met wa en osse gebring, vandag nog gesien word. Simbolies van hul lewe is die suil van Sewus versier met 'n Bybel en kruik, hare met 'n kruik en vlam.

Tydens die Anglo-Boereoorlog was sy gencodsak om vanaf haar plaas te vlug. Duskant Bethlehem is sy gevang en na die konsentrasiekamp op Kroonstad gestuur. Sy het alles wat sy besit, ook haar kosbare perde, verloor, terwyl haar huis op Makawaanstat net geplunder en nie afgebrand is nie.

Die pragtige doodskis het sy eie geskiedenis gehad. Op 'n keer is dit gedurende die Oorlog sonder haar medewete vir 'n gesneuwelde burger gebruik. Sy het die burger laat opgrawe, 'n hom herbegrawe in 'n seildoek en haar kis laat bære. Na die Vrede keer sy fisies geknak en verswak terug na Makawaanstat en die "stormgeteisterde ou seder" sterf vroeg in 1903.



"Haar praalkis was reeds lankal, ten spyte van haar voorsorg, (weer eens) met 'n gesneuwelde in die grond; haar doodskleed waarskynlik teen 'n taaibos aan flardes. Sy is in 'n doodgewone, vir die tyd maar karige kis tussen haar twee eggenotes te ruste gelê."



Die marmersuile op die grafte van Hannie en Sewus Wolmarans.

BIBLIOGRAFIE

- ORPEN, J.M., *Reminiscences of life in South Africa from 1846 to the present day*, vol. I & II, C. Struik, Kaapstad, 1964.
- SERFONTEIN, D., *Systap onder die juk*, 2de uitgawe, Human en Rousseau, Kaapstad, 1982.
- The Friend*, 26 Mei 1855, 23 Junie 1855, 7 Julie 1855 en 28 Julie 1855.